INLEIDING TOT ‘N VERBONDSVERHOUDING EN DIE MANLIKE GESAG

‘n Vertaling van ‘n artikel deur

Yakov Levi

HOOFSTUK 2

BEGINSELS WAT ’n HUWELIKSVERBOND VESTIG OF TOT NIET MAAK

Die belangrikste beginsel binne die huwelik is die beginsel van ’n Verbond-verhouding. Dit behels ‘n tipe van eed swering, in hierdie geval ’n eed swering om in die huwelik bevestig te word. Ons Elohim (God) is ’n Elohim van Verbond ooreenkomste. Die Torah self beklemtoon hierdie beginsel dwarsdeur duidelik. ‘n Beperkte verwysing geskied hierna in hoofstuk 1 van ‘n INLEIDING TOT ‘N VERBONDSVERHOUDING EN DIE MANLIKE GESAG en moet as ‘n aanloop gesien word tot hoofstuk 2 aangesien dit die basiese beginsels neerlê vir hierdie hoofstuk.

Ons moet eers na die Skrif gaan om bepaalde teksverse wat die erns van ’n Verbondsverhouding omskryf, uit te lig sodat ons die erns van so ‘n Verbondsverhouding binne die opset van ’n huwelik kan begryp. Wanneer ons eers die erns van ’n bepaalde Torah voorskrif geïdentifiseer het en sy besondere aard en verhouding tot ander Torah voorskrifte vasgestel het, word dit vir ons ook makliker om vanuit ’n Skriftuurlike grondslag “ernstige sake van die Torah” te beoordeel, soos wat Yeshua die Messias daarna verwys het.

Daar staan geskrywe: “As ‘n man ‘n dogter, ‘n jongmeisie, (‘n maagd) kry wat nie verloof is nie, en haar aangryp en met haar gemeenskap het, en hulle word betrap, (29) dan moet die man wat met haar gemeenskap gehad het, die vader van die dogter vyftig sikkels silwer gee; en sy moet sy vrou wees, omdat hy haar onteer het (verneder); hy mag haar nie verstoot (skei) solank as hy lewe nie.” **Deut. 22:28**

Sodra ’n man geslagsgemeenskap met ’n vrou het, tree hy met haar in ’n Verbond verhouding, synde ‘n huwelik. Een uitsondering hierop is wanneer ’n vrou verloof of getroud is. Wanneer ’n man, hetsy getroud of ongetroud, seksuele omgang het met ’n verloofde of ’n getroude vrou, is dit owerspel;

hy steel inderdaad die vrou van ’n ander man. ’n Ander uitsondering is wanneer ’n man seksueel verkeer met ’n prostituut. Die prostituut sluit verskeie verbondsverbintenisse deur haar seksuele omgang met baie mans waarvan geeneen van die verbintenisse kan bly staan nie. Die vrou kan nie baie hoofde hê nie, maar slegs een.

Wanneer ’n man met ‘n maagd trou, is dit die ideale tipe van huwelik verbond. Hoekom? Omdat ’n maagd bloei sodra haar maagdevlies penetreer word. Dit is ’n teken van ’n bloed verbond. Wanneer ’n besnydenis gedoen word en die nuutgebore manlike tree toe tot die Abrahamitiese verbond, dan bloei die man (seuntjie). Dit is ’n bloed verbond.

Die rede waarom die Messias die hoof is van die man en die man die hoof van die vrou, is omdat die man deur sy besnydenis in ’n verbond verhouding met Elohim betrek word. Die man bloei in die afgesonderde deel van sy liggaam. Die vrou word nooit besny nie. Die vrou se besnydenis vind plaas wanneer sy vir die eerste keer in haar lewe geslagsgemeenskap met ’n man het. Die vrou bloei in die afgesonderde deel van haar liggaam. Op daardie moment bevind sy haarself in ’n bloed verbond verhouding met haar man en is hy die hoof-gesag van haar lewe.

Toe Yeshua die Messias op die folterpaal gesterf het, was daar ’n bloed verbond gesluit as gevolg waarvan die oorspronklike huweliksverbond by die berg van Sinai hernieu is. Yeshua se bloed het gevloei toe die Romeinse soldaat Sy sykant met sy spies gesteek het. Die gordyn bedekking van die tempel is in die helfte geskeur. Dit was simbolies van ’n geestelike geslagsgemeenskap tussen die hemel en die aarde.

Toe Elohim ’n verbond/ooreenkoms met Abraham gesluit het in Gen. 15, was dit ’n bloed verbond. Abraham moes voor Elohim Yah ’n vers, ’n bokooi, ’n ram, ‘n tortelduif en ’n jong duif offer waarvan hy die eerste vier in die halfte moes verdeel om bloed te stort. Yah het tussen hierdie stukke vleis deur beweeg ter bevestiging van Sy bloed verbond. Dit is die bloed verbond waartydens Yah aan Abraham beloof het dat sy nageslag soos die sterre van die hemele sou wees.

In die voorgaande teksvers waar die man die vrou verkrag het, het hy inderdaad in ’n huwelik verbond met haar getree. Die beginsel van die onderhouding en nakoming van ’n belofte, ’n onderneming is so ’n gewigtige en ernstige saak in die Torah, dat die man verplig is om die vrou te trou en die vrou moet die man se eggenote word ofskoon die geslagsgemeenskap onder dwang geskied het.

Die hele doel agter hierdie voorskrif is voorkoming – om te voorkom dat soortgelyke voorvalle plaasvind en om erkenning te verleen aan die belangrikheid en gewigtigheid van die huwelik verbond. Voorvalle soos die hierbo beskryf, moet vermy word. Wanneer sodanige omstandighede inderdaad plaasvind, moet die Torah nagevolg word. Dit is die sosiale orde in die skepping wat baie mense moeilik sal aanvaar; maar dit is eenvoudig 'n vereiste want dit is die Gebooie van die Messias of te wel YHWH.

Waarom het die man dan nie 'n reg om van die vrou te skei nie? Waarom formuleer die Skrif nie die regte van die verkragte vrou nie? Nee, die Torah omskryf slegs die regte van die man.

Die rede hiervoor is dat wanneer 'n huwelik verbond plaasvind tussen 'n man en 'n vrou, die man die een is wat die gesag en die hoofskap oor die vrou verkry en nie omgekeerd nie; hy besit die vrou. Daarom kan 'n vrou nie haar man skei binne die sosiale orde in die skepping wat deur die Almagtige daargestel is nie. 'n Vrou kan doodeenvoudig net nie haar man 'onteien' nie. Dit is die verhouding tussen die Messias en Sy Bruid; 'n basiese model wat geldig is vir die huwelik tussen man en vrou.

'n Vrou kan weg loop, maar sy kan nie haar man skei nie. As sy weg loop, is sy in rebellie teenoor haar hoof en YHWH. Dit is waarom dit geskryf is:
1Kor. 11:1 "Wees my navolgers, soos ek dit ook van die Messias is. (2) En ek prys julle, broeders, dat julle in alles aan my dink en aan die leringe vashou soos ek dit aan julle oorgelewer het. (3) Maar ek wil hê dat julle moet weet dat Messias die hoof is van elke man, en die man die hoof van die vrou, en Elohim die hoof van Messias."

Wanneer 'n persoon dan weg loop van die Messias af, is daardie persoon in opstand, in rebellie. Net so ook, wanneer die vrou weg loop van haar man af, is sy in opstand, rebellie. Die begrip van eiendom-gesag verhouding is 'n baie ernstige beginsel wat begryp en streng nagevolg moet word. In hoofstuk 1 het ek Skrif aangehaal wat relevant is tot hierdie begrip en wat die verbintenis van die vrou tot haar man en die vader tot sy dogter duidelik omskryf. Hier volg nog 'n Skrifgedeelte wat die belangrikheid en die erns van die Torah voorskrif wat betrekking het op eiendom-gesag verhouding tussen die meester en sy slaaf duidelik omskryf.

Dit is geskryf, **Ex. 21:1** "En dit is die verordeninge wat jy hulle moet voorhou: (2) As jy 'n Hebreeuse slaaf koop, moet hy ses jaar lank dien, maar in die sewende moet hy as vryman verniet weggaan. (3) As hy alleen kom, moet hy alleen vrygelaat word; as hy getroud is, moet sy vrou saam met hom vrygelaat word. (4) As sy heer aan hom

‘n vrou gee en sy vir hom seuns of dogters baar, moet die vrou met haar kinders haar heer se eiendom wees, terwyl hy alleen vrygelaat word. (5) Maar as die slaaf reguit sê: Ek het my heer, my vrou en my kinders lief; ek wil nie as vryman weggaan nie — (6) dan moet sy heer hom na die owerhede bring en hom by die deur of die deurpos bring; en sy heer moet sy oor met ‘n els deurboor; daarna moet hy hom vir altyd dien”.

Die Skrif bepaal dat as die eienaar wie ’n meester is, ’n slaaf besit en hy vir daardie slaaf ’n vrou gee, dan is die kinders wat uit daardie verhouding gebore is ook die eiendom van die eienaar/meester. Die rede hiervoor is dat die beginsel van eienaarskap/eiendomsreg swaarder weeg as die beginsel van die huwelik verbond binne hierdie bepaalde konteks.

Omdat die heer of meester beide hierdie manlike slaaf en ook die vroulike slavin besit het, is die nageslag, die aanteel die besitting/eiendom van die meester wanneer die slaaf sy meester se diens verlaat. Dit is dus in die slaaf se belang om op ’n vroeë stadium ’n besluit te neem om permanent by sy heer en meester aan te bly wanneer hy besluit om die geskenk van ’n vrou uit die hand van sy meester/heer te aanvaar. Hierdie Torah begrip vereis van die slaaf om baie noukeurig eers goed te dink voordat hy sondermeer die geskenk van ’n vrou uit sy meester se hand aanvaar. Die ideale situasie sou wees dat die slaaf homself ook in ’n Meester-slaaf verhouding bevind waar die meester ’n regverdige man is soos Abraham of Salomo, voordat laasgenoemde geval het.

In hierdie betrokke situasie, word die huwelik verbond van die slaaf met die vrou wat deur sy meester aan hom gegee is, tot niet verklaar indien hy sou besluit om sy meester se diens te verlaat. In die lig van die beginsels wat ter tafel gelê is, wil dit blyk dat die meester die slavin as sy vrou sal neem.

Maar as ’n manlike slaaf sy eie vrou in sy meester se huis ingebring het, kan die manlike slaaf sy vrou en kinders met hom saam weg neem wanneer hy sy meester se diens verlaat vanweë die beginsels van eienaarskap of eiendomsreg wat die manlike slaaf oor sy vrou het. In hierdie geval is die begrip van eienaarskap of eiendomsreg, gekombineer met ’n huwelik verbond met sy vrou, ’n saak van groter belang wat baie meer gewig dra.

Die Torah het ‘n weergawe van ’n geval waar ’n man met ’n vrou trou en haar dan beskuldig dat sy nie ’n maagd was nie. ’n Noukeurige

studie van die Torah skrifte wys op gewigtige en ernstige beginsels wat die belangrikheid van die huwelik verbond, die begrip van eiendomsreg en die toelaatbaarheid van die ontbinding van die huwelik verbond, beklemtoon.

Daar staan geskryf, (13) “As ‘n man ‘n vrou neem en by haar ingaan en haar dan haat (14) en haar slegte dinge nagee en ‘n slegte gerug oor haar versprei en sê: Hierdie vrou het ek geneem, en toe ek naby haar kom, het ek die maagdom nie aan haar gevind nie, (15) dan moet die vader en die moeder van die dogter die bewys van die dogter se maagdom neem en na die oudstes van die stad by die poort uitbring. (16) En die vader van die dogter moet aan die oudstes sê: Ek het my dogter aan hierdie man as vrou gegee, maar hy het haar gehaat; (17) en kyk, hy het haar slegte dinge nagegee deur te sê: Ek het aan jou dogter die maagdom nie gevind nie—maar dit is die bewys van my dogter se maagdom. En hulle moet die kledingstuk voor die oudstes van die stad uitsprei. (18) Dan moet die oudstes van dié stad die man neem en hom tugtig (19) en hom ‘n boete van honderd sikkels silwer oplê en dit aan die vader van die dogter gee, omdat hy ‘n slegte gerug oor ‘n jongmeisie van Israel versprei het. Verder moet sy sy vrou wees; hy mag haar nie verstoot (skei) solank as hy lewe nie. (20) Maar as hierdie woord waarheid is: Die maagdom is aan die dogter nie gevind nie— (21) dan moet hulle die dogter na die deur van haar vader se huis uitbring, en die manne van haar stad moet haar stenig, dat sy sterwe, omdat sy ‘n skanddaad in Israel begaan het deur in die huis van haar vader te hoereer. So moet jy dan die kwaad uit jou midde uitroei.” **Deut. 22:13-21**

In hierdie voorbeeld hierbo word dieselfde ernstige en gewigtige beginsels binne die Torah herbevestig. Kyk mooi na die voorbeeld. ’n Man trou met ’n vrou, dan vind hy haar onaantreklik en hy verafsku haar. Dan in ’n poging om uit hierdie huwelik verbond uit te kom, beskuldig hy haar van hoerery. As sy beskuldigings verkeerd blyk te wees, vind ons dat die Torah nie die vrou se regte omskryf nie maar slegs die verpligtinge van die man. Die man het geen reg om hierdie vrou te skei nie. Weereens word die beginsel van die man se eiendomsreg oor die vrou, beklemtoon. Slegs ’n man kan ’n vrou skei, terwyl die vrou glad nie die man kan skei nie.

In die gemelde voorbeeld word die erns en gewigtigheid van die huwelik verbond ook onderstreep. Die man kan nie die vrou met wie hy getroud is, sommer vir enige rede skei nie. ’n Man en ’n vrou kan nie hul huwelik bloot op hul gevoelens vestig nie. Hulle moet hulle gesamentlike wedersydse onderneming/belofte wat ’n huwelik verbond

daarstel, honoreer en dit eer. Die man moet die vrou versorg en die vrou mag nie hoerery beoefen of ’n rebelse lewenswyse handhaaf nie. Dit is die sosiale orde volgens die Torah.

Die rede vir die ontbinding van die huwelik verbond, moet hoerery wees, een of ander vorm van seksuele immoraliteit; in hierdie geval met die aanvang van die huwelik – aan die heel begin. Die vrou se gedrag wat hoerery daarstel, synde die afwesigheid van haar maagdelikheid nog voor die huweliksdaad, is die gronde vir die ontbinding van die huwelik. ’n Vrou wat by haar vader in die huis woon, het nooit onder sy gesag of hoofskap uit beweeg nie en dit word bloot eenvoudig van haar verwag om ’n maagd/jongmeisie te wees. As sy nie ’n maagd was nie, was die aanname dat sy onder die gesag en die hoofskap was van die man wat haar maagdelikheid van haar weg geneem het. Hy was dan veronderstel om haar nuwe hoof en gesag te gewees het. In sodanige geval het sowel hierdie jong vrou en die man wat haar onteer het, nie prioriteit verleen aan hierdie lewensbelangrike voorskrif binne die Torah nie.

Die vrou het ’n daad van hoerery gepleeg en ontvang die doodstraf as gevolg daarvan. Volgens hierdie Torah gedeelte word die beginsel uitgelig dat ‘n hoer ’n vrou is wie seksuele verkeer het met ’n man sonder dat sy onder sy gesag val. Sy gaan bloot op haar eie teen die Torah voorskrif en probeer om met ’n ander man te trou of by hom te wees. Die vonnis vir hierdie ongehoorsaamheid of nie-nakoming van die Torah voorskrif, is die doodstraf.

Die beginsels wat hier uitgelig word, stem hoofsaaklik ooreen met ’n soortgelyke beginsel wat in die hernieude Verbond bevestig word, Matteus 19, naamlik dat ’n man slegs een grond vir egskeiding het, naamlik hoerery-seksuele immoraliteit. Weereens toon hierdie voorskriftelike wet die belangrike en gewigtige beginsel van die nakoming en onderhouding van die huwelik verbond.

Daar is geskrywe “Toe kom die Fariseërs na Hom om Hom te versoek, en sê vir Hom: Is dit ‘n man geoorloof om oor allerhande redes van sy vrou te skei? (4) En Hy antwoord hulle en sê: Het julle nie gelees dat Hy wat hulle gemaak het, hulle van die begin af man en vrou gemaak het nie, (5) en gesê het: Om hierdie rede sal die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef, en hulle twee sal een vlees wees; (6) sodat hulle nie meer twee is nie, maar een vlees? Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie. (7) Hulle sê vir Hom: Waarom het Moses dan beveel om ‘n skeibrief te gee en van haar te skei? (8) Hy antwoord hulle: Omdat Moses weens die hardheid van jul

harte julle toegelaat het om van julle vroue te skei; maar van die begin af was dit nie so nie. (9) Maar Ek sê vir julle, elkeen wat van sy vrou skei, behalwe oor hoerery, en ‘n ander een trou, pleeg egbreuk; en die wat die geskeie vrou trou, pleeg egbreuk. (10) Sy dissipels sê vir Hom: As die saak van ‘n man met ‘n vrou so is, dan is dit nie wenslik om te trou nie. “

(11) Maar Hy sê vir hulle: Almal vat hierdie woord nie, maar net dié aan wie dit gegee is. (12) Want daar is persone wat onbekwaam is om te trou, wat van die moederskoot af so gebore is, en daar is persone wat deur die mense onbekwaam gemaak is, en daar is persone wat hulleself onbekwaam gemaak het ter wille van die koninkryk van die hemele. Wie dit kan vat, laat hom dit vat”. **Mat. 19:3-12**

Die Torah gedeelte waarna die Fariseërs verwys wat slaan op die “skeibrief”, is in **Deut. 24:1-4** (1) As ‘n man ‘n vrou neem en met haar trou, en as sy dan geen guns in sy oë vind nie, omdat hy iets skandelik aan haar ontdek het, en hy haar ‘n skeibrief skrywe en in haar hand gee en haar uit sy huis wegstuur, (2) en sy uit sy huis uittrek en weggaan en ‘n ander man s’n word, (3) en dié laaste man haar haat en haar ‘n skeibrief skrywe en in haar hand gee en haar uit sy huis wegstuur, of as dié laaste man sterwe wat haar vir hom as vrou geneem het— (4) dan mag haar eerste man wat haar weggestuur het, haar nie weer neem, dat sy sy vrou word nadat sy onrein geword het nie; want dit is ‘n gruwel voor die aangesig van YAHUAH, en jy mag op die land wat YAHUAH jou Elohim jou as erfenis sal gee, geen skuld laai nie.”

Seksuele immoraliteit is die enigste gronde vir die ontbinding van ’n huwelik verbond, egskeiding. Dit was die rede en die gronde waarom YAHUAH (YHWH) vir Israel geskei het.

’n Grondige oorweging van die gewigtigheid en die erns wat gekoppel word aan die beginsels van eed swering, ondernemings/beloftes, verbonde en die huwelik verbond wat ons tot dusvêr in oënskou geneem het, toon vir ons baie duidelik waarom die voorskrif wat in Deut. 24 genoem is, ’n uitsondering op die reël is; en waarom Yeshua die Messias dit ook so genoem het in Mat. 19. Nou verstaan ons ook direk vanuit die Torah gedeeltes uit, dat die Fariseërs wat met Yeshua die Messias in gesprek was, glad nie hierdie lering rondom die beginsels van die eed swering, die huwelik verbond, eiendomsreg en die ontbinding van die huwelik verstaan het nie.

Daar is nog ’n uitsondering op die reël waarop die ontbinding van die huwelik verbond geskoei is, wat gegrond is op die beginsel of verpligting om basiese lewensmiddele te voorsien. Hierdie voorskrifte is gegrond in **Exodus 21:7-11** binne die konteks van die voorskrifte wat vroeër geformuleer is in **Exodus 21:1-6** rondom die meester/heer, sy dienskneg en die vrou wat deur sy heer/meester aan die slaaf geskenk is.

Daar staan geskrywe:
Ex. 21:1 “ En dit is die verordeninge wat jy hulle moet voorhou: (2) As jy ‘n Hebreeuse slaaf koop, moet hy ses jaar lank dien, maar in die sewende moet hy as vryman verniet weggaan. (3) As hy alleen kom, moet hy alleen vrygelaat word; as hy getroud is, moet sy vrou saam met hom vrygelaat word. (4) As sy heer aan hom ‘n vrou gee en sy vir hom seuns of dogters baar, moet die vrou met haar kinders haar heer se eiendom wees, terwyl hy alleen vrygelaat word. (5) Maar as die slaaf reguit sê: Ek het my heer, my vrou en my kinders lief; ek wil nie as vryman weggaan nie— (6) dan moet sy heer hom na die owerhede bring en hom by die deur of die deurpos bring; en sy heer moet sy oor met ‘n els deurboor; daarna moet hy hom vir altyd dien.

(7) En as iemand sy dogter as slavin verkoop, mag sy nie soos die slawe weggaan nie. (8) As sy haar heer nie beval nie wat haar vir homself bestem het, moet hy haar laat loskoop. Hy is nie geregtig om haar aan ‘n vreemde volk te verkoop nie, omdat hy troueloos met haar gehandel het. (9) Maar as hy haar vir sy seun bestem, moet hy met haar handel volgens die reg van die dogters; (10) as hy vir hom ‘n ander een neem, mag hy haar voedsel, haar klere en haar huweliksgemeenskap nie verminder nie. (11) En as hy hierdie drie dinge nie vir haar doen nie, kan sy verniet weggaan, sonder geld.”

Die gedeelte hierbo van verse (7) tot (11) handel oor ’n heer/meester wie ’n Hebreeuse vroulike dienskneg as sy vrou neem. Dit is ’n bekommernis vir Elohim dat indien ’n heer/meester ’n vroulike dienskneg vir homself as vrou neem en die bepaalde heer/meester sou besluit om nog ’n bykomende vrou te neem, hetsy ’n dienskneg meisie of ’n vrye meisie, dan kan die heer/meester in sodanige geval nie die eerste vroulike dienskneg se voedsel, klere of haar huweliksregte “verminder” nie.

Binne die konteks van die beginsels wat reeds uitgelig is, kan die term “verminder” ook beteken “**om nie weg te neem nie**”. Dit sou moeilik wees om presies te bepaal of te meet wat “verminder” word. Om hierdie begrip te probeer meet of te bepaal, kan steurend inwerk op

die gewigtige beginsel van die hoofskap van die man. Mens sou moeilik enige ander definisie wou implementeer aangesien dit bloot dispute binne die huwelik sou bevorder.

In die lig van die ernstige en gewigtige beginsels onderliggend aan eed swering, beloftes/geloftes en die huwelik verbond, sou die frase “nie verminder nie” beter omskryf word as “om nie weg te neem nie”. Om die basiese voedsel behoeftes, versorging behoeftes en die huweliksregte te meet, sou nie ’n maklike taak wees nie. En om ’n hof van oudstes saam te stel en betrokke te maak, behoort slegs gedoen te word wanneer dit seker is dat die basiese lewensbehoeftes van die vrou as gevolg van kwaadwillige redes “weg geneem word”.

Binne die verloop van hierdie gedeelte herken ons dat Elohim die basiese behoefte van die vrou (vroulike dienskneg) ten opsigte van haar voedsel, beskutting en seksuele verbintenisse wil reël – haar basiese behoeftes. Indien die heer/meester nie voorsiening maak deur die basiese behoeftes van sy vrou (dienskneg) te vervul nie, maak die Torah voorsiening dat ’n regverdige hof bestaande uit van die oudstes, hierdie vrou/dienskneg vry mag laat gaan en sodoende word haar huwelik verbond ontbind, word sy geskei. Die onregverdige heer/meester ‘betaal’ ’n prys omdat hy ’n regverdige voorskrif van die Torah verbreek het deur te versuim om te voldoen aan die vereiste om sy vrou se basiese lewensregte te beskerm en te volvoer. Hy verloor as’t ware sy eiendomsreg oor haar. Let daarop dat hierdie beginsel spesifiek toepaslik is op ’n Hebreeuse vrou wat ’n dienskneg is.

Ons moet baie versigtig wees om nie hierdie selfde beginsel toe te pas op die stryerige (rebelse) vrou, of dienskneg of vry vrou wat haar man bloot verlaat, wie nie wil werk nie of slegs ’n stroewe onaangename atmosfeer tuis veroorsaak nie. Die kwessie van die rebellie moet eers ondersoek word. In sodanige geval rebelleer die vrou teenoor haar man en gee sy hom sodoende dus nie geleentheid om sy versorgingsplig na te kom nie. Om die beginsel van die man se hoofskap te erken en te eer is, is een van die belangrikste kwessies in die huwelik verhouding.

Dit wil voorkom dat die basiese voedsel- versorgings- en seksuele vereistes binne die huwelik verbond, gemeet moet word aan die hand van die Torah se basiese lewensstandaarde. Wanneer die onderskeie beginsels teen mekaar opgeweeg word – die hoofskap van die man en die huwelik verbond self, dan moet die man se, of die vader se seggenskap, sy hoofskap binne die huis, die grootste gewig dra. ’n Gesin se lewensstandaard word bepaal deur die hoof van die

huishouding. Dit wil blyk dat in die geval van ’n vroulike dienskneg wie ook ’n vrou is, word die beskerming aan haar wyer verleen binne die Torah sodat haar basiese behoeftes aan versorging haar nie ontneem word nie.

Die seksuele verhoudinge is baie moeiliker om te meet en dit blyk dat dit van geval tot geval evalueer moet word. Hou egter in gedagte dat hierdie voorskrif toepaslik is in die geval van ’n Hebreeuse vrou wie ’n dienskneg is. Dit val nie binne die bestek van hierdie hoofstuk om die beginsel uit te brei en die geval van ‘n nie-Hebreeuse vroue dienskneg of ’n nie-Hebreeuse vrou te bespreek nie.

Kom ons kyk na die weergawe van die verhaal van Koning Dawid en Migal vir bykomende insig. Migal was ‘n Hebreeuse vrou, die dogter van Koning Saul. Migal was Dawid se heel eerste vrou wat deur Koning Saul aan hom geskenk is.
In die weergawe van **2 Samuel 6:20-23** word die volgende taal gebruik, “En Migal, die dogter van Saul het tot die dag van haar dood geen kind gehad nie”. Die implikasie is dat Dawid haar nooit weer daarna gesien het nadat sy hom in die openbaar disrespekteer het nie. Dawid het Miga nooit geskei nie. Dit word impliseer dat omdat sy haar man Dawid disrespekteer het, hy haar eenkant toe gestoot het en dat sy slegs basiese versorging van beskutting en voedsel ontvang het.

Dit staan geskrywe, “Toe Dawid terugkom om sy huisgesin te seën, het Migal, die dogter van Saul, Dawid tegemoetgegaan en gesê: Hoe het die koning van Israel homself vandag geëer, dat hy homself vandag voor die oë van die slavinne van sy dienaars ontbloot het soos een van die ligsinnige mense hom somaar ontbloot! (21) Maar Dawid sê vir Migal: Voor die aangesig van YAHUAH wat my verkies het bo jou vader en bo sy hele huis, deur my as vors aan te stel oor die volk van YAHUAH, oor Israel—ja, voor die aangesig van YAHUAH sal ek vrolik wees! (22) En ek sal my nog geringer ag as dit—ek sal nederig wees in my eie oë en met die slavinne van wie jy gepraat het, met hulle sal ek myself eer. (23) En Migal, die dogter van Saul, het tot die dag van haar dood geen kind gehad nie.” **2 Samuel 6:20-23.**

Dit is ook geskrywe: “Toe die verbondsark van YAHUAH by die stad van Dawid kom, kyk Migal, die dogter van Saul, deur die venster uit en sien koning Dawid dans en speel, en sy het hom <u>in haar hart verag</u>.” 1 Kron. 15:29.

Die ideale manlike eggenoot sal regverdig heers, vol van guns (genade) en sal ’n goeie herder vir sy huisgesin wees wie selfs sy lewe

vir sy gesin en sy vrou sal gee. Maar om hom in staat te stel om volgens hierdie standaarde te ‘regeer’, moet hy die soort gesag hê waarvan in die Skrifte geskrywe word. Maar omdat ’n manlike eggenoot nie altyd regverdig en vol medelye en goederentierenheid is nie, is daar bepaalde Torah beginsels in plek as veiligheidsmaatreëls. Elke afsonderlike Torah voorskrif het ’n sekere gewig, ’n sekere mate van belangrikheid. Die Torah omskryf hierdie gewigte soos wat mens die getuienis versigtig oorweeg.

Een besondere manier waarvolgens YAHUAH ’n uitkoms uit ’n huwelik verbond kan bewerkstellig vir ’n Torah gehoorsame vrou wat haar rol as ’n “hulp maat” vir haar manlike eggenoot behoorlik vervul, is om ’n onregverdige en slegte man dood te maak of om die juk van die huwelik verbond te verbreek ooreenkomstig Yah (Elohiem) se beginsels.

Dit staan geskrywe: “Maar die môre vroeg toe die wyn Nabal verlaat het, deel sy vrou hom dié dinge mee. Daarop het sy hart in sy binneste gesterwe en was hy soos ‘n klip. (38) En ná omtrent tien dae het YAHUAH Nabal getref, sodat hy gesterf het.”

Na hierdie sterfte het Abigail ’n weduwee geword en kon sy na haar eie keuse weer trou ooreenkomstig die Torah voorskrif wat haar toe laat om as weduwee weer te trou. Volgens my insigte dat die onderliggende beginsel vir ‘n weduwee se ‘beskikbaarheid’ om weer te trou, gesetel is in YAHUAH se regulering van juis die basiese behoeftes van ’n dogter van Israel wat sy mag hê ten opsigte van voedsel, kleding en seksuele verhoudinge. Abigail het dan ook later die vrou geword van Koning Dawid.

Dit is my opinie en insig dat die dood van ‘n manlike eggenoot nie die huwelik verbond ontbind nie. Daarom het ek ook die frase gebruik “’n uitkoms uit ’n huwelik verbond .... bewerkstellig” in stede van om ’n huwelik verbond “te ontbind”. Ek is van mening dat ’n huwelik verbond ’n ooreenkoms is wat tot in ewigheid duur. Hierdie hipotese grond ek op die behoorlike oorweging van voorskrifte rakende eed swering, ondernemings en geloftes soos wat dit in die Torah omskryf word asook die model van die huwelik verbond tussen die Messias en Sy bruid, wat vir ewig is. Dit wil voorkom dat die weduwee ’n opsie gegee word om te her trou of nie, soos sy verkies en op hierdie punt word die vorige huwelik tot niet verklaar en is sy dan weer met die nuwe man in ’n ewige huwelik verbond.

Ek dink dit is die geheimenis wat die Sadduseërs nie begryp het nie, omdat hulle nie die gewigtigheid, die erns van die huwelik verbond begryp het nie.

Dit staan geskrywe: **Mat 22:23** "Dieselfde dag kom daar na Hom Sadduseërs, hulle wat sê dat daar geen opstanding is nie, en vra Hom (24) en sê: Meester, Moses het gesê: As iemand sonder kinders sterwe, moet sy broer sy vrou trou en kinders vir sy broer verwek. (25) Nou was daar by ons sewe broers, en die eerste het getrou en gesterwe; en omdat hy geen kinders gehad het nie, het hy sy vrou vir sy broer agtergelaat. (26) So ook die tweede en die derde tot die sewende toe. (27) En laaste van almal het die vrou ook gesterwe. (28) In die opstanding dan, van watter een van die sewe sal sy die vrou wees—want hulle almal het haar gehad? (29) Toe antwoord Yahshua en sê vir hulle: Julle dwaal, omdat julle die Skrifte nie ken nie en ook nie die krag van Elohiem nie. (30) Want in die opstanding trou hulle nie en word ook nie in die huwelik uitgegee nie, maar is soos engele van Elohiem in die hemel".

Volgens die beginsels wat identifiseer is hier bo, sal sy die laaste man se vrou wees. Dit is my mening dat Yahshua hulle 'n indirekte antwoord gegee het wat hulle genoop het om hulle eie onopregte vraagstelling te gaan evalueer. Dit is bekend dat die engele van Elohiem in die hemel wel paar (mate - Engels), seks kan hê. In Genesis het die "seuns van Elohiem" met die dogters van die mens gepaar en owerspel gepleeg. Hulle was veronderstel om slegs met hul eie vroulike eweknieë van hulle eie skepping te paar of gemeenskap te hê. Daarenteen het hulle verkies om owerspel te pleeg en het hulle geval en geword wat bekend is as die 'gevalle' engele of die demone wat ons vandag ken – die wortel van die menigte seksuele perversies wat ons aantrek binne ons skepping.

Sluit gerus by my aan op Face book waar ek die Skrifte sal bespreek met praktiese toepassing van hierdie beginsels. Dit is wesenlik belangrik dat jy alle voorskrifte behoorlik sal oorweeg in hul totaliteit. Dit is geregtigheid.

Daar is sekere dringende onderwerpe wat jou mag interesseer en kan jy daarna gaan kyk op http://SolomonsPorch.TV onder die spyskaart opsie van MY LIVING ROOM > die Televisie area.